# KENNISGEWING

## GESAMENTLIKE, VRYWILLIGE SEËL VIR WO en IPW

16 Februarie 2010

Die nuwe IPW/WO sertifiseringseël is vanaf Februarie beskikbaar vir gebruik. Hierdie seël is die nuwe alternatiewe seël wat beide IPW en WO sal sertifiseer.

Neem kennis dat daar steeds slegs een seël op die houer sal verskyn, afhangende van watter aspekte sertifiseer wil word – slegs WO (bestaande seël) of beide WO en IPW (nuwe seël).

Die bestaande WO seël wat oorsprong, oesjaar en kultivar sertifiseer, sal steeds beskikbaar wees vir produsente wat nie van die nuwe gekombineerde seël gebruik wil maak nie of wat slegs aan die WO vereistes, maar nie IPW nie, voldoen.

**Hoe kwalifiseer produsente, kelders en botteleerders vir die nuwe seël?**

Om vir die nuwe seël te kwalifiseer sal die volgende in plek moet wees :

a) Alle voornemende gebruikers van die nuwe seël moet by IPW geregistreer wees.

b) Die IPW slaagsyfer van 60% moes in 2009 behaal word.

c) Alle voornemende gebruikers van die nuwe seël se IPW inligting moet teen ***31 Mei 2010*** op die nuwe elektroniese IPW databasis verskyn. Alle IPW lede wat van die seël gebruik wil maak moet dus van die databasis gebruik maak in plaas daarvan om die IPW vorms aan die IPW kantoor of kelder te faks soos gewoonlik.

d) Die handleiding vir registrasie op die IPW databasis word hierby aangeheg en dit kan ook vanaf die IPW webtuiste afgelaai word by www.ipw.co.za

e) Elke skakel in die produksieketting nl. plase, kelders en botteleerders moet IPW wees en aan die riglyne en vereistes voldoen.

Die nuwe seël is gekoppel aan die parsmagtigingsaansoek (BG1) en is volledig geïntegreer met die Wyn van Oorsprong stelsel.

***Elektroniese IPW databasis***

Dié databasis is reeds beskikbaar om te gebruik. Kelders, plase en botteleerders wat van die nuwe seël gebruik wil maak, moet almal op die IPW

webtuiste registreer en ook hul 2010 evaluasie vorms op die databasis voltooi hê teen ***31 Mei 2010***.

**Dit is uiters belangrik dat alle voornemende gebruikers van die nuwe seël se IPW inligting teen 31 Mei 2010 op die elektroniese databasis moet wees aangesien SAWIS gedurende die eerste week in Junie 'n globale opdatering van die inligting gaan doen. Die kelders, plase en botteleerders wie se inligting nie teen 31 Mei 2010 op die databasis is nie *sal nie verder gedurende 2010 van die nuwe seël mag gebruik maak nie.***

Produsente moet ook kennis neem dat wanneer druiwe of wyn vanaf verskillende kelders aangekoop word en/of wanneer versnitte gemaak word van wyn van verskillende tenke of plase, moet elke skakel of produksie-eenheid (plase waarvan alle druiwe gekom het asook die kelders wat die wyn gemaak het, asook die kelder of botteleringsfasiliteite waar dit gebottel word) IPW geakkrediteer wees ten einde die nuwe seël te mag gebruik.

Indien 'n IPW kelder druiwe of wyn van nie-IPW lede aankoop moet daardie wyn apart gehou word van IPW-wyn.

**Hoe doen 'n mens aansoek om die nuwe seël te bekom?**

Lede wat van die nuwe seël gebruik wil maak, moet let op die volgende:

(a) Vir die gebruik van die nuwe seël moet alle IPW lede se 2009 sowel as 2010 plaas en kelder IPW vorms op die nuwe IPW databasis gelaai wees teen ***31 Mei 2010***.

(b) SAWIS verifieer reeds tydens die parsmagtigingsaansoek (BG1) dat die fasiliteit kwalifiseer vir die gebruik van die nuwe seël. Daarna word seëls by SAWIS aangevra soos tans, met die verskil dat daar aangedui sal word of die bestaande seël of die nuwe seël benodig word.

(c) Kelders moet op die BG9 aansoek aandui dat daar van die nuwe seël gebruik gemaak wil word. Daar is 'n blokkie op die BG9 aansoek wat gemerk moet word vir die nuwe seël.

(d) Neem kennis dat dit elke kelder of botteleerder se eie verantwoordelikheid is om toe te sien dat elke skakel in sy produksieketting (plaas, kelder, bottelering) aan die IPW voldoen ten einde die nuwe seël te kan gebruik.

(e) Kelders wat van verskeie plekke druiwe of wyn koop en van die seël gebruik wil maak, sal ook moet seker maak dat daardie produsent of kelder se IPW vorms op die IPW databasis voltooi is.

**Wat gebeur as ’n kwalifiserende IPW deelnemer die nuwe seël begin gebruik, maar tydens 'n oudit ’n probleem optel?**

Jaarlikse voldoening aan IPW vereistes sal steeds bevestig word deur die invul van die selfevaluasiedokumente sowel as onafhanklike oudits op ’n steekproefbasis. Die verskil is egter dat die jaarlike IPW inligting nou (2010) elektronies via die nuwe IPW databasis ingehandig moet word.

Indien iemand later tydens ’n onafhanklike oudit nie sou slaag nie, sal daar ’n grasieperiode van 6 maande (of langer in verdienstelike gevalle soos deur die Raad goedgekeur) wees waartydens die lid die probleemareas moet aanspreek. Die plaas of kelder sal gedurende ’n verdere onafhanklike oudit (op eie koste) moet bewys dat die foute reggemaak is. Tydens die grasieperiode kan die nuwe seël steeds gebruik word.

Indien die probleemareas nie reggestel word nie, sal IPW en gevolglik die gesamentlike seël se sertifisering opgeskort word totdat die probleem aangespreek is. Ongeseëlde wyn sal van daardie punt af slegs die bestaande WO seël kan ontvang, maar reeds geseëlde voorraad sal nie affekteer word nie.

IPW sertifikate sal steeds in meeste gevalle op sterkte van selfevaluasie uitgereik word, maar aangesien die inligting nou meer deursigtig sal wees op die IPW webtuiste asook met die nuwe seël, sal dit baie meer sigbaar wees indien iemand nou nie sou slaag nie. Dit beklemtoon dat dit die lede se verantwoordelikheid sal wees om te verseker dat hulle aan die vereistes voldoen en die IPW inligting betyds op die databasis laai.

**Van wanneer af mag die nuwe seël gebruik word?**

Slegs wyne vanaf die ***2010 oesjaar*** sal in aanmerking kom vir die nuwe seël.




**Navrae by die IPW kantoor**

Kontak die IPW bestuurder, Daniël Schietekat, by 021 889 6555 of 082 859 4787 of daniel@ipw.co.za.